

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appélnommer : A166/08

In die appél tussen:-

CALVIN LEFITO TSEBELA

Appellant

en

DIE PADONGELUKKEFONDS

Respondent

CORAM:

RAMPAI, R *et* VAN ZYL, R

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

GELEWER OP:

8 SEPTEMBER 2011

- [1] Appellant het in sy persoonlike hoedanigheid, sowel as in sy verteenwoordigende hoedanigheid as vader en natuurlike voog van sy drie minderjarige kinders, 'n eis teen respondent ingestel vir die betaling van die totale bedrag van R247 005-94, en aanverwante regshulp. Hierdie eis spruit voort uit 'n motorbotsing wat plaasgevind het op 14 Julie 1998 op die pad tussen Kestell en QwaQwa waartydens 'n voertuig met registrasienommer GFB 042 FS (hierinlater na verwys as “die staatsvoertuig”), bestuur deur

ene Seponyane, gebots het met 'n voertuig met registrasienommer OBW 32170 (hierinlater na verwys as “die Conquest”), bestuur deur ene Mokoni, tydens welke botsing Mamoeletsi Tsebela 'n passasier was in die staatsvoertuig. As gevolg van haar beserings opgedoen in die botsing is Mamoeletsi Tsebela (hierinlater na verwys as “die oorledene”) oorlede. Appellant was getroud met die oorledene en was die oorledene verplig om appellant en die minderjarige kinders gebore uit die huwelik tussen appellant en die oorledene, te onderhou en het sy dit inderdaad gedoen. Appellant se skuldoorsaak is daarop gebaseer dat voormelde botsing veroorsaak is deur die nalatigheid van die bestuurder van die staatsvoertuig; alternatiewelik, van die bestuurder van die Conquest.

- [2] Dit is gemeensaak tussen die partye dat beide voertuie tydens die ongeluk in die rigting vanaf Kestell na QwaQwa beweeg het. Die padoppervlakte is teer en bestaan uit twee bane vir verkeer aan beide kante. Die padoppervlakte links van die geel streep aan die kant van die pad waar die twee voertuie beweeg het, was ook breed genoeg dat 'n voertuig daar kon ry. Daar is 'n uitdraaipad na regs waar

die ongeluk plaasgevind het. Die bestuurder van die staatsvoertuig het beheer oor die voertuig verloor toe sy gepoog het om 'n ongeluk te vermy toe die bestuurder van die Conquest na regs gedraai het. Die staatsvoertuig het die pad aan die linkerkant daarvan verlaat, gerol en aan die linkerkant van die pad tot stilstand gekom. Die voertuie het nie fisies gebots nie.

- [3] Ten tyde van die verhoor in die Hof *a quo* is ooreengekom dat die meriete en kwantum geskei word en dat slegs die meriete gevolglik ten tyde van die verhoor beslis moes word. Die Hof *a quo* het in die volgende terme bevind dat die bestuurder van die staatsvoertuig 80% nalatig was, terwyl die bestuurder van die Conquest 20% nalatig was in die veroorsaking van die ongeluk:

“Die Hof bevind dat die optrede van die bestuurder van die staatsvoertuig in so 'n mate bygedra het tot die ongeluk dat haar aanspreeklikheid 80% beloop. Hetsy omdat sy onder die omstandighede te vinnig gery het en/of nie 'n behoorlike uitkyk gehou het nie.

Die feit dat Mokoni getuig het dat hy wel gesien het dat die

staatsvoertuig hom redelik vinnig nader en dit nie behoorlik in ag geneem het nie hy wel in 'n baie mindere mate bygedra het tot die ongeluk.

Die Hof bevind dat die bestuurder van die Conquest se aanspreeklikheid 20% beloop.

Die koste van die geding word toegeken in ooreenstemming met die verdeling van nalatigheid.” [sic]

[4] Appellant kom nou in hoër beroep teen voormelde bevindings en wel op die volgende basis soos verwoord in sy kennisgewing van appèl:

“1.

2.

3. AND WHEREAS the Honourable Magistrate ruled that the driver of the vehicle with registration number OBW 32170 was 20% negligent and the driver of the vehicle with registration number GFB 042 FS was 80% negligent, which ruling is accepted by appellant for this appeal purposes.

4. AND WHEREAS the provisions of the Apportionment of Damages Act, 34 of 1956 as far joined wrongdoers is concerned is applicable.
5. AND WHEREAS the quantum as far as its assessment is concerned had been settled on the 31st of March 2008.
6. THEREFORE it is the Appellant's submission that the Honourable Magistrate erred by not properly taking into consideration the provisions of Sections 2 and 8 of the above said Act.
7. THAT the Honourable Magistrate erred by not finding that the Plaintiff as an innocent third party was entitled to a 100% claim jointly and severally against the joined wrongdoers notwithstanding their respective degrees of negligence.
8. THAT the Honourable Magistrate therefore erred in awarding only 20% of the claim to the Plaintiff.
9. THAT the Honourable Magistrate therefore erred awarding only 20% of the costs to Plaintiff." [sic]

- [5] Hoewel die respondent aanvanklik 'n kennisgewing van teenappèl geliasseer het (oorkonde, p. 25 – 27), het respondent nie volhard met hierdie teenappèl nie. Daar was derhalwe ook geen betoogshoofde namens respondent geliasseer nie en was daar ook geen verteenwoordiging namens respondent ten tyde van die aanhoor van die appèl nie. Sien SKRYWE VAN APPELLANT SE PROKUREUR VAN EERTE INSTANSIE, gedateer 11 Mei 2009, paragraaf 1 daarvan, aangeheg tot appellant se aanvanklike hoofde van betoog.
- [6] Gevolglik is dit slegs nodig om appellant se appèl te oorweeg. In die verband blyk dit duidelik uit paragraaf 3 van appellant se kennisgewing van appèl dat die bevinding van die Hof *a quo* tot dien effekte dat die bestuurder van die staatsvoertuig 80% nalatig was in die veroorsaking van die ongeluk en die bestuurder van die Conquest 20% nalatig was in die veroorsaking daarvan, aanvaar word vir doeleindes van die appèl. Dit is gevolglik nie nodig om in enige verdere detail na die feitelike gebeure rondom die plaasvind van die ongeluk te verwys nie, aangesien die enigste aspek wat ter sprake is, die vraag is rondom die

regsgevolge van laasgenoemde bevinding.

- [7] Volledigheidshalwe moet dit vermeld word dat die appèl vantevore op 11 Mei 2009 ter rolle was, ten tyde waarvan die voorsittende Regters aangedui het dat daar eers deur die Hof *a quo* 'n bevel ten opsigte van die kwantum van die aangeleentheid gemaak moes word alvorens die appèl ten opsigte van die meriete bereg kon word. Die appèl was gevolglik op daardie stadium verwyder van die rol, met koste om oor te staan. Die aangeleentheid is toe terugverwys na die Hof *a quo* en is daar by ooreenkoms op 1 Julie 2009 'n bevel gemaak met betrekking tot die kwantum. Sien OORKONDE p. 20 – 21, saamgelees met die aanvullende oorkonde, p.11 – 13.
- [8] Soos deur Juf. Wright, namens appellant betoog, blyk dit dat hoewel die Verhoorlanddros nie spesifiek verwys het na die Wet op Verdeling van Skadevergoeding, Wet 34 van 1956 nie, is dit duidelik dat sy haar bevel gemaak het op die basis van bydraende nalatigheid en dus 'n verdeling van skadevergoeding ooreenkomstig laasgenoemde Wet. Die engelse weergawe van artikel 1(1)(a) van die Wet op

Verdeling van Skadevergoeding lees as volg:

“Where any person suffers damage which is caused partly by his own fault and partly by the fault of any other person, a claim in respect of that damage shall not be defeated by reason of the fault of the claimant but the damages recoverable in respect thereof shall be reduced by the court to such extent as the court may deem just and equitable having regard to the degree in which the claimant was at fault in relation to the damage.” (Eie beklemtoning)

Sien ook LAWSA, JOUBERT, 2DE UITGAWE, Vol 8, Deel 1, par 168 en LAWSA, JOUBERT, 1STE HERUITGAWE, Vol 13, Deel 2, par 385.

- [9] Die Wet op Verdeling van Skadevergoeding is derhalwe van toepassing wanneer ‘n eiser skade gely het gedeeltelik as gevolg van sy eie nalatigheid en gedeeltelik as gevolg van die nalatigheid van die verweerder. ‘n Verweerder kan gevolglik nie die bydraende nalatigheid van enige ander persoon as die eiser as verweer opper nie. Waar die oorledene in die onderhawige geval slegs ‘n passasier in die staatsvoertuig was en derhalwe nie self nalatig kon wees in

die veroorsaking van die botsing nie, terwyl appellant se vordering voortspruit uit die oorledene se dood, is die Wet op Verdeling van Skadevergoeding nie van toepassing nie. Hierdie is gevolglik 'n geval waar appellant slegs 1% nalatigheid ten opsigte van die versekerde bestuurder(s) hoef te bewys. Sien HANEKOM vs MULTILATERAL MOTOR VEHICLE ACCIDENTS 1998 (1) SA 634 (TPD) op 636 A. In die verband is dit ook as volg gestel in LAWSA, JOUBERT, 1STE HERUITGAWE, Vol 13, Deel 2, par 385:

“A dependant or a passenger who claims damages against the fund has to prove 1% negligence on the part of the insured driver”.

- [10] Waar daar in die onderhawige geval twee versekerde bestuurders ter sprake is, hoef die appellant slegs 1% nalatigheid ten opsigte van enige van die versekerde bestuurders te bewys ten einde 100% suksesvol te wees met sy bewese of ooreengekome skadevergoeding. Sien DODD vs MULTILATERAL MOTOR VEHICLE ACCIDENTS FUND 1997 (2) SA 763 (AD) op 767 D – F.

[11] Soos reeds vermeld, het die Verhoorlanddros 'n bevinding gemaak dat die bestuurder van die staatsvoertuig 80% nalatig was en die bestuurder van die Conquest 20% nalatig was. Hoewel dit uit die kennisgewing van teenappèl van respondent blyk dat respondent laasgenoemde bevinding betwis het, kan daar nie op die basis van die teenappèl met hierdie bevinding ingemeng word alwaar respondent nie meer met die teenappèl volhard nie. Verdermeer, en hoewel Juf. Wright in haar volledige betoogshoofde redes uiteengesit het waarom, aldus haar betoog, deur die Verhoorhof bevind moes gewees het dat die bestuurder van die Conquest-voertuig uitsluitlik nalatig was, het sy ten tyde van die aanhoor van die appèl toegegee dat daar nie in die verband met die Verhoorhof se bevinding ingemeng kan word nie, aangesien daar, soos reeds vermeld, spesifiek in paragraaf 3 van appellant se kennisgewing van appèl vermeld is dat die bevindings van die Verhoorhof in die verband vir doeleindes van die appèl aanvaar word.

[12] Gebaseer op die Verhoorhof se bevinding dat beide versekerde bestuurders nalatig was in die veroorsaking van die botsing, het appellant hom dus van sy bewyslas van 1%

nalatigheid gekwyt ten opsigte van beide versekerde bestuurders, hoewel dit, soos reeds hierbo bevind is, reeds voldoende sou wees om slegs 1% nalatigheid ten opsigte van enige van die twee versekerde bestuurders te bewys het.

- [13] 'n Aspek wat deur respondent in paragraaf 6 van sy kennisgewing van teenappèl geopper is, is dat Artikel 18(1)(a)(iii) van die Padongelukkewet, Wet 6 van 1996, in die onderhawige geval van toepassing is en dat appellant se vordering dus dienooreenkomstig beperk is. Aangesien daar nie met die teenappèl volhard is nie, is dit insgelyks streng gesproke onnodig om met hierdie aspek te handel. Ek meen egter dat daar volledigheidshalwe en ter wille van regsekerheid by die partye, net kortliks hierna verwys moet word. Hoewel dit so is dat die oorledene ten tyde van haar dood 'n passasier was wat in diens van die eienaar van die staatsvoertuig was en vervoer was binne haar diensbestek en dat die oorledene derhalwe binne die omskrywing van Artikel 18(1)(a)(iii) val, is dit duidelik dat die beperking van R25 000-00 ten opsigte van elke vordering van die afhanklikes nie in die onderhawige geval van toepassing is

nie. Die beperking is slegs van toepassing indien die botsing veroorsaak sou gewees het deur die uitsluitlike nalatigheid van die bestuurder van die staatsvoertuig, wat nie in die onderhawige geval aldus bevind is nie. Sien DODD vs MULTILATERAL MOTOR VEHICLE ACCIDENTS FUNDS, supra, op 767 F; LAW OF THIRD PARTY COMPENSATION, HB KLOPPER, 1ST EDITION op p. 244, par 4.7.2. Gevolglik is appellant geregtig op die betaling van sy volle bewese of ooreengekome skade.

- [14] Derhalwe moet die appèl ten opsigte van die meriete slaag.

- [15] Wat betref die appèl ten opsigte van die kostebevel verleen deur die Verhoorlanddros, kan hierdie kostebevel wat slegs 20% van appellant se koste aan hom toegeken het, nie korrek wees gegewe bogemelde bevinding ten opsigte van die meriete nie. Alwaar appellant 100% suksesvol was met sy vordering in die Hof *a quo*, is hy dienooreenkomstig geregtig op 'n gebruikelike kostebevel in sy guns.

- [16] Wat die koste van die appèl betref, het Juf. Wright betoog dat gegewe appellant se sukses met die appèl respondent

glas behoort te word om die koste van die appèl te betaal.

Ek stem hiermee saam.

- [17] Sy het egter voorts betoog en versoek dat respondent gelas moet word om die koste van die appèl te betaal soos op 'n skaal tussen prokureur en kliënt. Hoewel Juf. Wright vir doeleindes hiervan op sekere aspekte van die pleitstukke en die verhoor in die Hof *a quo* gesteun het, meen ek dat dit nie relevant is vir doeleindes van die oorweging van die kostebevel ten opsigte van die appèl as sulks nie. Ander aspekte waarop sy gesteun het, is na my mening wel relevant by die oorweging van 'n gepaste kostebevel. In die verband het sy betoog dat respondent die appèl opponeer het, ten spyte daarvan dat dit vir respondent duidelik moes wees dat die Verhoorhof 'n mistasting begaan het. Sy het dan ook daarop gewys dat respondent in sy eie kennisgewing van teenappèl, en wel in paragraaf 6 daarvan, aan die hand gedoen het dat die Verhoorhof fouteer het deur die Wet op Verdeling van Skadevergoeding toe te pas in die onderhawige omstandighede. In die verband en ter ondersteuning van haar submitisie, het sy onder andere gesteun op die uitspraak in MADZUNYE vs ROAD

ACCIDENT FUND 2007 (1) SA 165 (SCA). In laasgenoemde beslissing is daar as volg in paragraaf [17] en verder beslis:

“In an unreported judgment of this Court, Road Accident Fund v Roman Klisiewicz, case No. 192/2001, handed down on 29 May 2002, Howie JA set out the extent of the respondent’s responsibilities saying at para [42]:

‘The [Road Accident Fund] exists to minister, in the interests of road accident victims, the funds it collects from the public. It has the duty to effect that administration with integrity and efficiency. This entails the thorough investigation of claims and, where litigation is responsibly contestable, the adoption of reasonable and timeous steps in advancing its defence. These are not exacting requirements. They must be observed.’

I find it almost impossible to believe that the respondent would ever have been in doubt that the Court *a quo*’s findings regarding the bakkie’s involvement in the collision were wrong. By persisting with its opposition of the appeal on the basis of a judgment in which the Court *a quo* had so palpably misconstrued the issues, the respondent, which relies on the public purse for its existence and does not, therefore, have

unlimited financial resources, conducted itself in a manner which cannot be reconciled with the requirements set out in the Klisiewicz case. This is particularly so having regard to the fact that the intention of the Act, in terms of which the respondent functions, is to give the greatest possible protection to victims of negligent driving of motor vehicles. The fact that there may have been merit in opposing the appeal in respect of the taxi cannot detract from its ill-considered decision. In the circumstances, a costs order on the attorney and client scale against the respondent is, in my view, justified.”

[18] In ‘n skrywe van appellant se prokureur van eerste instansie, gedateer 11 Mei 2009, aangeheg tot die aanvanklike betoogshoofde, is daar onder andere as volg vermeld aan respondent se prokureur van eerste instansie:

“With reference to the above matter and the telephonic discussion with you Mr. Dhlamini on the 8th May 2009 we wish to advise and put on record the following:

1. After writer made enquiries as to why no heads of argument had been filed in the appeal set down for 11th May 2009, Mr. Dhlamini responded that the appeal is not opposed and that the cross appeal is abandoned.

2. The writer also ask Mr. Dhlamini whether the merits is now conceded in which case the matter can be settled without further reference to the courts. Mr. Dhlamini said that have to take instruction in this regard from your client but he personally still do not agree that the appellant is correct as far as the legal position is concerned.
3. As the judges are however of the opinion that the arrangements as far as the quantum is concerned must first be made an order of court before the appeal can be proceeded with, we will now remove the appeal from the roll, and refer the matter back to the Bethlehem court to make the arrangement an order of court.
4. We however wish to put on record that the finalization of the matter is delayed by the respondent unnecessary with further legal costs incur. We would therefore eventually request the High Court to apply the principle set out in *Mlatseni vs Road Accident Fund* 2009 (2) SA 401 (ECD) as far as an applicable special costs order is concerned.” [sic]

In reaksie hierop, het respondent se prokureur van eerste instansie op 13 Mei 2009 'n skrywe gerig (welke skrywe aangeheg is tot appellant se aanvanklike hoofde van betoog) waarin aangedui is dat respondent nie verantwoordelik is vir vertraging in die aangeleentheid nie en daar geen rede is waarom respondent gelas moet word om die koste op 'n spesiale skaal te betaal nie. Die laaste paragraaf van hierdie skrywe lees as volg:

“Please note that should an application be made for special costs, that application will be vigorously defended. The decision of the Magistrate has been taken on appeal by the plaintiff and its got nothing to do with the defendant. We place it on record that an offer of settlement has been made to the plaintiff after the Magistrate decided merits on a 30/70 [*sic*] apportionment in favour of the defendant, the matter is on appeal at an instance of the plaintiff and not because of the defendant.”

[19] Laasgenoemde houding van respondent is verstommend.

Hoewel dit so is dat appellant die party is wat die aangeleentheid op appèl geneem het, was appellant daartoe genoodsaak vanweë die feit dat respondent nie wou toestem

tot 'n bevel ten gunste van appellant wat betref die kwantum anders as op die basis van die (verkeerde) bevinding gebaseer op die Wet op Verdeling van Skadevergoeding nie. In die verband blyk dit dan ook duidelik dat die aanbod van respondent met betrekking tot die kwantum wat op 1 Julie 2009 'n hofbevel gemaak is, spesifiek bepaal dat die tersaaklike bedrae skadevergoeding onderhewig is aan die uitkoms van die appèl. Sien OORKONDE, p. 21. Die houding van respondent deur nie 'n ongekwalfiseerde aanbod ten opsigte van die kwantum aan appellant te gemaak het nie, en sodoende appellant forseer het om met die appèl voort te gaan, is na my mening kwelsugtig gegewe dat respondent nie meer die appèl opponeer het nie en ook sy kruisappél abandoneer het. Respondent was dus klaarblyklik duidelik bewus daarvan dat die bevel van die Hof *a quo* ten opsigte van die meriete, foutief was. Ek meen gevolglik dat die optrede van respondent binne die kader val van die optrede wat in bogemelde uitspraak van MOTSENYANE vs ROAD ACCIDENT FUND beskryf is en meen ek gevolglik dat dit geregverdigd is dat 'n bestraffende kostebevel op die skaal soos tussen prokureur en kliënt teen respondent gelas moet word wat die koste van die appèl

betref.

[20] Wat die oorgestane koste van 11 Mei 2009 betref, is dit so dat die appèl op daardie datum van die rol verwyder is vanweë die feit dat daar nog nie 'n bevel deur die Hof *a quo* met betrekking tot die kwantum was nie. Hoewel dit so is dat die appellant *dominus litis* is, is dit insgelyks so dat hierdie aspek op geen stadium deur respondent geopper was nie, maar eers deur die Hof van appèl, soos blyk uit paragraaf 3 van die skrywe van 11 Mei 2009 wat ek reeds hierbo aangehaal het. Indien respondent nie op 'n kwelsugtige wyse volhard het met sy houding dat hy appellant gebonde hou aan die bevinding van die Hof *a quo* nie, sou hierdie onnodige koste ook nie verspil gewees het nie. Ek meen gevolglik in die uitoefening van my diskresie dat dit gepas is dat respondent ook gelas word om hierdie koste te betaal.

[21] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Appellant se appèl slaag en die Hof *a quo* se bevinding word tersyde gestel en vervang met die volgende:

- 1.1 Verweerder word gelas om 100% van eiser se bewese of ooreengekome skadevergoeding te betaal.
 - 1.2 Verweerder word gelas om eiser se koste te betaal.
2. Wat die koste van die appèl betref, word respondent gelas om die koste van die appèl te betaal op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt, wat insluit die oorgestane koste van 11 Mei 2009.

C. VAN ZYL, R

Ek stem saam:

M H RAMPAL, R

Namens die Appellant:

Adv. G.J.M. Wright
In opdrag van:
Saffy & Associates
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent:

Geen verskyning
Prokureur van eerste instansie:
M F Jassat Dhlamini Inc.
JOHANNESBURG